*AANKONDIGINGS*

Die redaksie het die volgende tydskrifte ontvang:

*The Southern Quarterly,* Vol. 37, nr. 1, Fall 1998

ISSN 0038-4496

Die *Southern Quarterly* is 'n publikasie van die University of Southern Mississippi wat sedert 1962 bestaan en op interdissiplinêre navorsing oor die Suidelike Deelstate van die VSA en hulle streekskultuur toegespits is. Die tydskrif konsentreer veral op letterkunde en die visuële en beeldende kunste, maar sluit ook historiese artikels in, onder andere oor die Amerikaanse Burgeroorlog. Alhoewel dit nie 'n Geskiedenis vaktydskrif is nie, is dit 'n waardevolle bron vir historici wat belangstel in kultuurgeskiedenis van die VSA of in die geskiedenis van die Suider-State. Die nommer wat ontvang is, is 'n feesbundel oor die werke van Harry Crews, 'n minder bekende romanskrywer en dosent aan die Universiteit van Florida, Gainesville.

Alhoewel die artikels hoofsaaklik oor sy werke handel, gee hulle aan die leser 'n interessante blik op die streek se kultuur.

Adres: E-pos:
The Southern Quarterly
Lola.Norris@usm.edu
Box 5078
University of Southern Mississippi Webwerf:
Hattiesburg WWW:http://www-
dept.usm.edu/ ˜ soq
Mississippi
MS 39406-5078

*Historia Contemporánea*, Vol. 16, *1998*

ISSN: 0213-2087

*Historia Contemporánea* word uitgegee deur die Universiteit van Salamanca in Spanje. Die artikels is deurgans in Spaans geskryf, maar die tydskrif is wel van 'n Engelse vertaling van die inhoudsopgawe voorsien. Te oordeel daaraan, bevat die tydskrif heelwat stof wat, indien dit meer toeganklik was, vir Suid-Afrikaanse historici waardevol sou wees.

Adres: E-pos:
EDICIONES UNIVERSIDAD DE SALAMANCA Correo-e:
eus@gugu.usal.es
Aptdo. 325 - 37080
Salamanca
España

Geoff. Allen
*RAU*